# LAERSKOOL LYDENBURG

Tel: (013) 235 2077 / 235 2079
E-pos: ontvangs@lydlaer.co.za
admin@lydlaer.co.za

Posbus /P.O Box 5
Lydenburg, 1120

Omsendbrief 35 van 2022

03 November 2022

Geagte Ouers

1. **DAGROOSTER: 07 - 11 November 2022**

| | | |
|---|---|---|
| Maandag | - | Dag 1 |
| Dinsdag | - | Dag 2 |
| Woensdag | - | Dag 3 |
| Donderdag | - | Dag 4 |
| Vrydag | - | Dag 5 |

2. **MASSASPORT**

Die massa-sportbyeenkoms vind op DV Vrydag, 18 November vanaf 08:00 – 13:00 plaas. Leerlinge kom met sportdrag (geel, blou en rooi) skool toe en moet tasse saambring ingeval dit reën. Die skool begin normale tyd (07:25) en sluit om 13:00. Daar word ook verversings te koop aangebied. Die indeling is volgens vanne en is as volg:

| Bosbokke (Blou) | Ribbokke (Geel) | Rooibokke (Rooi) |
|---|---|---|
| A - I | J - Q | R - Z |

3. **VERKEER!!!**

- **Kom ons hou asseblief by verkeersreëls. Die regterkantste baan is vir ry, links vir oplaai en aflaai (Nelstraat). Indien u in Nelstraat u kind aflaai, bly in die regterkantste baan van De Vosstraat. Ouers word asseblief versoek om nie op die regterkantste sypaadjie in Nelstraat te stop nie.**
- ***DAAR WORD OOK VERSOEK DAT U NIE IN DIE MIDDEL VAN DIE PAD STOP OM U KIND AF TE LAAI NIE. PARKEER U KAR IN 'N RUIMTE SOOS AL DIE ANDER OUERS. PARKEER U KAR SODAT DAAR VIR ALMAL SPASIE IS OM LANGS MEKAAR TE PARKEER. DAAR IS KLAGTES DAT OUERS VER VAN MEKAAR PARKEER. DIT IS UITERS SELFSUGTIG OM SO TE PARKEER DAT ANDER NIE OOK 'N PLEKKIE HET OM HULLE KINDERS OP-EN-AF TE LAAI NIE.***
- **Ouers word versoek om stadig en versigtig om die skool te ry: Daar beweeg daagliks 1410 leerlinge in en uit die skool.**



4. **SKOOLGELD**

Baie dankie aan al die ouers wat gereeld hul skoolfonds betaal. Maak asseblief seker **dat u rekening reeds ten volle vereffen is teen 11 Desember 2022** om optrede deur die prokureurs van die skool te vermy.

5. **EKSAMENS**

Die eksamen vind vanaf 21 - 29 November 2022 plaas. Leerlinge wat afwesig is tydens die eksamen sal 0% ontvang vir 'n vraestel indien hy/sy nie 'n doktersbrief inhandig nie. **Ons vra dat daar geen afsprake of aktiwiteite tydens die eksamentydperk gereël word nie.** Die voorlopige eksamenrooster is reeds op die groepe geplaas.

Laerskoolgroete

**CORNELUS LEMMER**
**HOOF**